Leesrooster vir die week:

Eerste Sondag in Lydenstyd:	Deuteronomuim 26:1-11 Psalm 91:1-2, 9-16 Romeine 10:8b-13 Lukas 4: 1-13
Sondag: 10 Maart 2019	

Verjaardae

Arina Barnard 14 Maart

[1]Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: [2]"U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."
PSALMS 91:1-2 AFR83
https://bible.com/bible/6/psa.91.1-2.AFR83 [1]

Gebedsversoeke

Hospitaal:

Annette le Roux, Vincent Pallotti, Operasie 4 Maart
Magda van Zyl, Tygerberg Hospitaal, Heupvervanging
Mariana Heath, Tygervalley Intercare, Beroerteaanval
Mervin Meyeridricks, Vincent Pallotti, Evaluasie

Tuis:

Arina Barnard, Huis Lückhoff, Knievervanging.
Marinda Steenkamp, Dr Lectus se vrou, sterk tuis aan.

Rousmart:

Ons innige simpatie aan die familie van Matilda Dowrie wat op 5 Maart oorlede is.

NG Gemeente Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin: 10 Maart 2019

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom in die erediens.
'n Spesiale welkom aan nuwe lidmate, besoekers en studente.
Vul gerus die groen vormpie in sodat ons jou besonderhede kry

TWEEDE LYDENSWEEK:

09:00:	Kategese– Muntlegging
09:30	Lekker Jeugprogram
10:00:	Kleuterkerk
10:00 Erediens:	Dr Johan van den Heever
Skriflesing:	Deuteronomium 26:1-11
Tema:	Lydenstyd - Wat sou jy vir die Here wou gee?

Tee na die erediens

Basaar-vergadering:
Aletta wil graag van 11:00-11:40 net gou 'n kort vergadering hou met die Basaarstalletjies se fasiliteerders. Bly sommer net hier in die kerkgebou.

AANDDIENS:

18:00 Erediens:	Dr Johan van den Heever
Skriflesing:	Lukas 4:1-13
Tema:	Versoeking: Beleef dan net ek dit?

A L G E M E E N

1. **Getuienisbediening: Dinsdag 12 Februarie om 19:00**
   Ons het Jakob en Riëtte genooi om terugvoering te gee oor hul besoek aan Danie en Esther van Niekerk in Masedonië verlede jaar. Indien die tyd toelaat, sal dr Johan en Ansie ook terugvoering gee oor hul besoek aan die Sendingpaar. Kom luister gerus.

2. **Railway Vintage Mark:**
   Ons mark kom maar stadig aan. Ons het gemeentelede nodig wat vir ons wyer kan help adverteer. Nooi jou bure en vriende om een keer 'n maand saam by ons mark te kom kuier. Ons volgende mark vind op 5 April plaas...dit word amper winter en julle kan lekker warm saam in die saal kom kuier.

3. **Baie dankie:**
   Baie dankie aan Johan Marx wat die houtbankie by die gedenktuin vir ons reggemaak en geverf het.

4. **InVia:**
   Die nuwe byeenkomstyd vir InVia is nou 17:00 Sondagmiddag.

5. **Finansiële Oorsig vir Maart:**

Dankoffers vir Maart	R11 970
Mikpunt: R52 370 p.m.	
Erediensoffers vir Maart	R 2 024
Mikpunt: R12 000 p.m.	
Deuroffer: R433.00 Gemeente-Ontwikkeling	

6. **Huisbesoek:**
   Die leraar is deurlopend met huisbesoek besig. Indien jy egter 'n behoefte het dat hy by jou besoek moet aflê, vul asb ook die groen vorm wat in die kerk beskikbaar is, in. Die telefoon by die pastorie het nie 'n antwoorddiens nie, indien jy hom nie in die hande kry nie, skakel hom gerus op sy selfoon by 083 448 2609.

7. **Preke:**
   Al die preke is op ons webblad beskikbaar. Jy kan dit gerus daar gaan luister. *www.ngrondebosch.com/*

Begroting 2019/2020

Ons begroting vir die nuwe finansiële jaar is op 28 Februarie 2019 goedgekeur deur ons kerkraad. Gerrit van der Merwe, as voorsitter van finansies, het die begroting voorgelê en dit is met kommer dat ons weereens 'n begroting wat 'n verlies toon, moes goedkeur.

Ons begrote inkomste vir die jaar:		R1,304,200
Ons verwagte uitgawe vir die jaar:	(-)	R1,963,190
Jaarlikse tekort (verlies)	(-)	R 658,990

Ons hoop om die jaarlikse tekort kleiner te maak met ons beoogde inkomste uit ons beleggings.

Verwagte Beleggingopbrengs	R 242,200
Die begroting staan dus steeds op 'n verlies van	R 416,790

Die uitdaging lê nou voor om in die nuwe jaar meer kreatief oor ons klein gemeente na te dink. Ons wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om vir Gerrit van der Merwe te bedank vir die opstel en voorlegging van die begroting.

Program vir die week

Dinsdag:
09:30 Lewende Woord Bybelstudie
10:00: Moria Bybelstudie
15:00: Besoek Huis Avondrus
19:00 Getuienisbediening

Woensdag:
15:00 Bybelstudie HL
16:15: Kategese Pastorie

Vrydag:
Skole sluit

NG Rondebosch Basaar 2019

D i t is weer tyd vir Rondebosch om **BASAAR** te hou. Ons datum is **27 April 2019**. Ons wil soos gewoonlik so veel moontlik van julle betrek om hierdie dag 'n sukses te maak. Dit is ons grootste fondsinsameling vir die jaar. Aletta Pearce is ons Basaar-koördineerder en sal dit waardeer as julle haar sal kontak met enige navrae oor dié dag.
Ons stuur eersdaags weer ons basaarlyste uit. Wees asseblief die persone wat jou kontak, goedgesind. Dit is maar moeilik vir mense om donasies te vra, maar dit is presies waarvoor daardie lyste is. Daar is geen verpligting om by te dra nie, maar as dit vir jou moontlik is en jy kan nie by jou kontakpersoon uitkom nie, kan jy net vir hulle vra om te reël dat die donasies by jou opgelaai word.

Ons soek soos gewoonlik die volgende:

- Vrywilligers om by stalletjies te help
- Skoonmakers: skottelgoed was en opruimwerk
- Finansiële bydraes
- Bestanddele vir pannekoektafel
- Maalvleis, groente, olie vir Vetkoektafel
- Koek, kleinkoekies, terte en ander gebak
- Basaarpoeding en vla
- Gazebo's (om te leen vir die dag)
- Nuwe/Gebruikte klere
- Enige iets vir ons Wit Olifant-tafel
- Leë bottels vir Gwen se gemmerbier
- Gasbottels vul

Hoop ons kan hierdie jaar ons begroting van R70 000 haal.
Hoop om sommer gou van julle te hoor!
Aletta tel: 082 415 8014 e-pos: alettapearce@gmail.com

RAILWAY
VINTAGE MARKET

RAILWAY VINTAGE MARKET
2 Derry Road, Rondebosch
5 April 2019
16:00 - 20:00

/RailwayVintageMarket
Food I Vinyl Records I Clothing